HEBREW PEOPLE BIED AAN



# HEBREEUS IS LEKKER MAKLIK!

Werkboekie vir die Kursus

deur
Tiaan Nel

# שָׁלוֹם

Welkom by hierdie wonderlike reis om Hebreeus te leer! Dankie dat jy saam met ons leer en dat ons hierdie pad saam met jou mag stap.

Moet asb nie hierdie werkboek kopieër of versprei nie.
As jy belangstel in ons leermateriaal, kontak Tiaan gerus.

Die aanlyn lesse is beskikbaar op www.kolkallah.com

Stuur jou huiswerk asseblief altyd direk vir Tiaan Nel:
[tiaan@hebrewpeople.com](mailto:tiaan@hebrewpeople.com)
+27 82 097 0408

Geniet dit!

*Drukkervriendelike idee: stel jou drukker in om vanaf die tweede bladsy te begin druk en in swart en wit te druk.*

Die lesse is op 'n donasie basis. Donasies is welkom en kan hier inbetaal word:

*T Nel*
*Absa Bank*
*9178127919*
*Tjek rekening*

# Les 101 שִׁיעוּר 101

## Die hebreeuse alfabet

Voordat ons begin met die alfabet, wil ek vra dat jy die volgende goedjies sal onthou:
- **Hebreeus is nie Afrikaans nie!** Miskien moet jy jouself tussendeur daaraan herinner. Hebreeus is uniek! As ons Hebreeus met Afrikaans gaan vergelyk, gaan ons baie vrae hê en soms onnodig sukkel.
- Ons lees en skryf Hebreeus van **regs na links.**

**Elke Hebreeuse letter het drie waardes:**
- Dit is 'n prentjie
- Dit het 'n naam
- Dit maak 'n spesifieke klank

Die Hebreeuse alfabet, wat ook die **Alef-Bet** genoem word, het 22 letters. Hierdie 22 letters is medeklinkers of konsonante. Die vokale of klinkers word bygevoeg deur kolletjies en lyntjies wat langs of onder of bo-op die medeklinkers geskryf word. Hulle word in Hebreeus *Nikud of Nekuddot* genoem en dien as oefenwieletjies. Net soos 'n kind oefenwiele benodig om aan die heel eerste fiets gewoond te raak, het ons hierdie oefenwieletjies nodig terwyl ons brein gewoond raak aan die nuwe letters, klanke en woorde.

Daar is 5 klinker klanke in Hebreeus:

**A** (soos in die woord **a**ppel of **a**nders)


**E** (soos in die woord m**e**t of v**e**t of s**ê**)

**I** (soos in die woord l**ie**f of br**ie**f)

**O** (soos in die woord b**o**k of r**o**k)

**U** (soos in die woord **oe**fen of h**oe**kom)

'n Woord in Hebreeus word altyd van **regs na links** gelees, begin met 'n medeklinker (konsonant) en eindig met 'n medeklinker. Ons lees die medeklinker, dan die klinker (vokaal), dan die medeklinker en die klinker totdat ons met 'n medeklinker eindig. Die leespatroon sou so iets wees:




**Onthou dus**: 'n Hebreeuse woord begin en eindig altyd met 'n medeklinker! Twee klinkers kan nie langs mekaar staan nie - hulle moet deur 'n medeklinker geskei word.

→ *Kyk asb die opname van Hebreeus 101 (twee opnames) om te sien hoe die letters geskryf en uitgespreek word. Die opnames is beskikbaar op www.kolkallah.com*

## Die klinkers

Die klein blokkies is plekhouers en wys vir jou waar om die letter (medeklinker) te skryf.




Hierdie twee kolletjies kan óf 'n e-klank aandui, óf 'n **stille klinker,** met ander woorde: Soms het hierdie klinker geen klank nie en is net 'n plekhouer sodat die reël van *konsonant- klinker – konsonant – klinker – konsonant* nie gebreek word nie. Wanneer lees ons 'e' en wanneer is die kolletjies sonder klank? Daar is ongelukkig nie 'n reël nie! Ons moet dit maar saam met die woordeskat leer.

Soos jy kan sien, is daar **dertien** verskillende maniere om die vyf klinker-klanke aan te dui! Maar moenie bekommerd wees nie! Daar is 'n manier om jou brein en geheue 'n bietjie te help!

- Eerstens moet jy weet: Die klinkers in die eerste kolom is die wat die meeste gebruik word! Dis nou díe in die blou raampie hier bo.
- **A** het altyd 'n reguit lyntjie êrens
- **E** word altyd met meer as een kolletjie aangedui
- **I** het net een kolletjie onder die medeklinker
- **O** het een kolletjie aan die linker boonste kant van die medeklinker
- **U** is 'n bietjie anders, maar as jy die res onthou, sal jy weet dat U die een is wat oorbly

**Notas**:

______________________________________________________________________


______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

**Jou eerste opdrag:**
Maak vir jouself 'n handige vokaalkaart / klinkerkaart.
Dit sal jou help wanneer ons aangaan met die lesse en wanneer jy begin lees.

## Die 22 letters (medeklinkers / konsonante)

| Naam | Klank | Plek om te oefen |
|---|---|---|
| Alef | Geen klank | א |
| Bet | B | בּ |
| Wet | W | ב |
| Ghiemel | Gh (**gh**olf) | ג |
| Dalet | D | ד |
| Hê | H | ה |
| Waw | W | ו |
| Zajien | Z | ז |
| Get | G (**g**eloof) | ח |
| Tet | T | ט |
| Jod | J (**j**a) | י |
| Kaf | K | כּ |
| Gaf | G (**g**eloof) | כ |
| Gaf sofiet | G | ך |
| Lamed | L | ל |
| Mem | M | מ |
| Mem sofiet | M | ם |
| Noen | N | נ |
| Noen sofiet | N | ן |
| Sameg | S | ס |
| Ajien | Geen klank | ע |
| Pê | P | פּ |
| Fê | F | פ |
| Fê sofiet | F | ף |
| Tsadie | Ts | צ |
| Tsadie sofiet | Ts | ץ |
| Kof | K | ק |
| Resj | R | ר |
| Sjien | Sj (**Sj**oe) | שׁ |
| Sien | S | שׂ |
| Taw | T | ת |



**Die letters Wet, Gaf en Sin is nie letters op hulle eie nie!** Hulle is slegs *'n ekstra klank wat by die hoofletter gevoeg word*. Dit is nogal uniek. As ons dus die Alef-Bet opsê, hoef ons dit nie so op te sê nie:
Alef, Bet, **Vet,** Ghiemel, Dalet, Hê, Waw, Zajien, Get, Tet, Jod, Kaf, **Gaf**, **Gaf Sofiet**, Lamed, ens…
Ons sê net:
Alef, Bet, Ghiemel, Dalet, Hê, Waw, Zajien, Get, Tet, Jod, Kaf, Lamed, etc…

**Daar is letters wat presies dieselfde klank het:**
- Alef א en Ajien ע (albei is stil letters – hulle het geen klank nie)
- Wet ב en Waw ו (albei het die **W**-klank soos in **w**ater)
- Get ח en Gaf כ (albei het die **G**-klank soos in **g**enu**g**tig)
- Kaf כּ en Kof ק (albei het 'n **K**-klank soos in **k**offie en **k**oe**k**)
- Sameg ס en Sin שׂ (albei het 'n **S**-klank soos in **s**and en **s**uiker)

→Jy mag dalk vra: Wanneer gebruik ons watter een van die twee? Ongelukkig is daar nie regtig baie reëls om ons daarmee te help nie. Ons moet maar die spelling van die woorde leer soos wat ons aangaan!

**Die Alef-Bet het 5 Sofiet-vorms.** Die woord 'Sofiet' beteken 'finaal' of 'eindig' en wys vir ons hoe die vyf letters geskryf word wanneer hulle aan die einde van 'n woord staan. Die vyf Sofiet-letters is:

- Gaf sofiet ך
- Mem sofiet ם
- Noen sofiet ן
- Fê sofiet ף
- Tsadie sofiet ץ

**Jou tweede opdrag:**
- Skryf elke letter 10 keer in Hebreeus
- Maak 'n opname van die Alef-Bet
Stuur asseblief albei aan Tiaan.

## Die 'stil' letters

Die *stil medeklinkers* (konsonante) is Alef, Ayin en Hê wanneer Hê aan die einde van 'n woord staan. Hoekom het ons stil medeklinkers nodig? As ons sê dat daar 'n reël in Hebreeus bestaan, dat 'n woord **altyd** met 'n medeklinker begin en **altyd** met 'n medeklinker eindig, het ons 'n oplossing nodig vir al die Hebreeuse woorde wat met die klanke A, E, I, O en U begin. Byvoorbeeld die woord **Abba** (Vader). Dit begin met 'n A-klank en eindig met 'n A-klank, maar ons mag nie 'n woord met 'n klinker in Hebreeus begin nie, dus is daar 'n baie praktiese oplossing: Ons gebruik 'n *stille konsonant* en voeg die A-vokaal by: אַבָּא
Op hierdie manier oortree ons geen reëls deur die woord met 'n klinker te begin of te eindig nie!

Die *stille klinker* het dieselfde rol, byvoorbeeld in die naam Avraham

אַבְרָהָם

Ons sê nie Av**e**raham nie, ons sê Avraham, maar ons moet onthou van ons reël wat sê medeklinker, vokaal, medeklinker, vokaal, medeklinker en daarom gebruik ons die *stille klinker*. Onthou asb. dat hierdie klinker soms stil is en soms 'n 'e' klank is. Hoe weet ons wanneer die klinkertjie stil es en wanneer hy 'n 'e' klank maak? Ons leer dit eenvoudig saam met ons woordeskat.

## Woordeskat

*Lees en skryf asseblief hierdie woorde:*

| Hebreeus | Plek om te oefen | Afrikaans |
|---|---|---|
| אָבָּא | | vader ('n Aramese woord, wat nou gereeld in Hebreeus gebruik word) |
| אָב | | vader (ou Hebreeuse woord – word in die ‚Onse Vader' gebruik) |
| גָב | | rug |
| דָג | | vis |
| אַהֲבָה | | liefde |
| אָבָּא וְדָג | | vader en vis |
| זִיג זָג | | Zieg-Zâg |
| חַג | | fees |
| טוֹב | | goed |
| יָד | | hand |
| כַכַּה | | sommer... |
| בָּךְ | | Bach (die beroemde komponis) |
| לֵב | | hart |
| אִמָא | | moeder (Aramese woord, wat nou gereeld in Hebreeus gebruik word) |
| מָיִם | | water |
| טִיאָן נֵל | | Tiaan Nel 😊 |
| סָבָּא | | oupa |
| עַם | | volk |
| עִמָנוּאֵל | | Imanuel *(Emanuel)* |
| פֵּלֵאפוֹן | | slimfoon |
| אָף | | neus |

| | | |
|---|---|---|
| צָבָא | | weermag |
| עֵץ | | boom of hout |
| קָל | | maklik |
| קָר | | koud |
| שָׁלוֹם | | Shalom |
| שָׂר שָׁלוֹם | | Prins van vrede (Jeshua) |
| שָׂרָה | | Sarah (vroulike naam wat 'prinses' beteken) |
| תוֹדָה | | dankie |

**Het jy gesien?**

- Die letter Hê ה aan die einde van 'n woord is sonder klank, maar aan die begin van 'n woord of in die middel, word dit 'h' uitgespreek (soos in **H**anna).
- Die woord 'en' is in Hebreeus een letter en word aan die volgende woord geheg soos ons sien in אָבָא וְדָג

**Derde opdrag vir hierdie les:**
- Lees die volgende woorde en skryf in Afrikaans wat jy lees
- Maak 'n sirkel om die stille medeklinkers en klinkers

| Hebreeus | Plek om te oefen | Afrikaans |
|---|---|---|
| אַבְרָהָם | | |
| יֵשׁוּעַ | | |
| יִשְׂרָאֵל | | |
| הַלְלוּיָה | | |
| אָמֵן | | |
| יֵרוּשָׁלָיִם | | |
| בָּנַנָה | | |
| שׁוֹקוֹלָד | | |
| מָנגוֹ | | |
| טֵלֵפוֹן | | |
| פִּיצָה | | |
| קָפֵה | | |
| אָבוֹקָדוֹ | | |
| לִימוֹן | | |

**Vierde opdrag vir hierdie les:**
- Skryf jou naam in HEBREEUS en stuur dit vir Tiaan saam met jou naam in Afrikaans.

## Gematria

Elke letter in Hebreeus het ook 'n numeriese waarde. In die Bybel byvoorbeeld en op baie plekke in die moderne tyd word die letters in plaas van nommers gebruik om mee te tel. As ons sien dat twee woorde dieselfde numeriese waarde het, dan weet ons in Hebreeus dat hulle iets met mekaar te doen het.

| Numeriese waarde | Letter | Numeriese waarde | Letter |
|---|---|---|---|
| 50 | נ | 1 | א |
| | ן | 2 | בּ |
| 60 | ס | | ב |
| 70 | ע | 3 | ג |
| 80 | פּ | 4 | ד |
| | פ | 5 | ה |
| | ף | 6 | ו |
| 90 | צ | 7 | ז |
| | ץ | 8 | ח |
| 100 | ק | 9 | ט |
| 200 | ר | 10 | י |
| 300 | שׁ | 20 | כּ |
| | שׂ | | כ |
| 400 | ת | | ך |
| | | 30 | ל |
| | | 40 | מ |
| | | | ם |

*Om meer oor die gematria te leer en om te sien watter woorde saamstap, kyk asb na die opname! Dis ook interessant om te sien dat die Hebreeuse getal vir die woord swangerskap 271 is en dit is nege maande!!*

Onthou om jou huiswerk en jou vrae aan Tiaan te stuur! Sien jou binnekort vir Hebreeus les 102!